



Parkieland
H/V Anderson - en
Thomas Edisonstraat
Menlopark 0081
Tel: 012 460 1976
Faks: 012 460 1976
parkieland@menlolaer.co.za
www.parkieland.co.za

3 Augustus 2022
Nuusbrieff No 25

Liewe Ouers,

Ons 2-3 Jariges het hulle proedag verlede Vrydag omtrent geniet! Dankie vir almal se bydraes om dit 'n sinvolle aktiwiteit te kon maak. Ons groter kinders het hulle besoek van Migthy Minds net so leersaam en vol pret beleef.

Herregistrasie vir 2023: Lammetjies, Kalfies, Hasies en Eendjies

- U ontvang vandag u kleuter se Herregistrasievorm vir Parkieland vir 2023.
- Vul asseblief die dokument in en stuur terug na die langnaweek.
- U hoef nie weer al die dokumentasie te stuur nie, tensy u adres verander het en ons 'n nuwe bewys van adres benodig.
- Al die Gr 00 kinders (Olifante en Kameelperde) het Inskrywingsvorme vir Gr R ontvang.
- Stuur asseblief teen môre alle Gr R Inskrywingsvorme terug.

Ouma- en Oupadag: 2 September 2022:

- U ontvang vandag uitnodigings vir die belangrike dag - stuur dit asseblief vir Oupa en Ouma aan. U sal dit op die WhatsApp groepe ontvang.
- Die Ouma- en Oupadag behels 'n piekniek wat u as ouer vir u kleuter en sy/haar Grootouers voorberei. Die piekniek gaan op die rugbyveld plaasvind voor Parkieland. Meer inligting volg later in verband met die piekniek-reëlings.
- Om spesiale geskenkies vir Ouma en Oupa voor te berei, vra ons 'n klein bedrag van **R30 per gesamentlike Grootouer-paar (gesin)**. Daar is dus een geskenkie vir een Ouma en Oupa en 'n aparte geskenkie vir die ander Ouma en Oupa.
- Die kleuters gaan vir Ouma en Oupa in hulle klassies 'n "konsertjie" hou. **Slegs** kleuters wie se Grootouers nie teenwoordig kan wees nie, se ouers mag kom insit vir die konsert en piekniek. Dit is baie sleg vir 'n kleutertjie wanneer al die ander kinders iemand het met wie hulle die dag kan deel, en hy of sy het niemand teenwoordig nie. Reël asseblief met die klasonderwyseres indien iemand kom instaan. U moet dan nog steeds **R30** betaal want u kleuter oorhandig dan die geskenkie aan u.
- **Die Program lyk soos volg:**

9:00 - 9:30	Oupa en Ouma kyk hoe lyk my klas Ons hou konsert
9:30	Piekniek op die rugbyveld
11:00	Kleuters vertrek saam met Ouma en Oupa huis toe
- Vul asseblief die toestemmingsbrief in sodat Ouma en Oupa vir kleinding mag saam neem. Hou in gedagte dat **alle** kleuters die dag gaan kuier, daar is ongelukkig nie toesig of Naskool beskikbaar nie.

- Ons sal weer met u kommunikeer en laat weet wat die projekkode is vir die betalings, ons wil net vir nou die getalle hê sodat ons die geskenkies kan begin voorberei.
U het kans tot **Woensdag 10 Augustus 2022** om u getalle aan die klasonderwyseres deur te gee, **maar ons versoek dat u dit so spoedig moontlik deurgee, om ons te help met die beplanning.**
- Daar is 'n skeurstrokie voorin die tasse geplaas.
- Dui ook asseblief op die skeurstrokie aan indien daar iemand met 'n rolstoel of spesiale behoefte, die funksie gaan bywoon, sodat ons reëlings kan tref vir gemaklike toegang tot die skool.
- Dankie vir u volgehoue steun en positiwiteit rondom al ons aktiwiteite. Die personeel waardeer al u insette en bydraes opreg.

Vakansiedae:

- Maandag 8 Augustus is 'n skoolvakansiedag en Dinsdag 9 Augustus is 'n Publieke vakansiedag.
- Ons wens al ons geliefde Mamas 'n wonderlike Vrouedag toe. Ons hoop u geniet die dag, en word bederf.

Hoop u het 'n geseënde week verder.

Vriendelike Parkie-groete,



RIEKIE VAN EEDEN & PERSONEEL



Hoe hou ek my
lyfie gesond?



Ek borsel elke dag my
tande...



Dankie dat mamma
en Pappa my help om
'n gesonde lyfie
te hê.



Ek was my
hande



Ek eet
gesonde kos

